# VOLKSBESLUITE 1 – 3

17 Mei – 24 Mei 2025

## VOLKSBESLUIT 1: Volk eenheid naam

### 1. AGTERGROND:

Die Boer is by 2 geleenthede in sy geskiedenis internasionaal as ‘n volk erken en onafhanklik verklaar. Tydens die Sandrivierkonvensie geteken op 17 Januarie 1852 en tydens die Bloemfontein-konvensie geteken op 23 Februarie 1854.

In die Sandrivierkonvensie en ooreenkoms, is die onafhanklikheid van die Boere noord van die Vaalrivier, dus Zuid-Afrikaansche Republiek, erken en verklaar. In die Bloemfontein-konvensie en ooreenkoms (traktaat), staan die Verenigde Koninkryk alle beheer oor die Oranjerivier-soewereiniteit, die gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier af, waardeur die Oranje-Vrystaat onafhanklik verklaar word.

Die Boer het dus sy onafhanklikheid as volk in die Oranje Vrijstaat asook die Zuid-Afrikaansche Republiek in 1852 en 1854 ontvang. As gevolg van die Oorlog van die Brit teen die Boer (verkeerdelik bekend as die Anglo Boere Oorlog), is die Boer van 21 van sy Republieke en van hierdie onafhanklikheid berook en ontneem, asook die reg tot selfbeskikking. Die Verdrag van Vereniging wat hierdie volksmoord teen die Boer beëindig het (geteken 31 Mei 1902), wat die Boer gedwonge op sy knieë moes onderteken, maak in klousule 7 voorsiening vir selfbeskikking aan die Boer. Aan hierdie klousule, asook ander, is daar nog nooit voldoen nie en die Boer was sedertdien nooit toegelaat om as ‘ vry en soewereine volk te funksioneer nie.

Die Boer is nie net van sy onafhanklikheid en grond beroof nie, maar ook van sy geskiedenis deur die Afrikaners wat d.m.v. Afrikanernasionalisme, die Boer met ‘n “Afrikanervolk” probeer vervang het. Die Afrikaner kan egter volgens internasionale kriteria en norme nie as ‘n volk erken word nie terwyl die Boer aan al hierdie vereistes as volk, voldoen.

HARTKLOP is ‘n aksie wat in 2025 begin het, om weer die Boer in ‘n eenheid as ‘n volk te versamel en vanuit die volk se stem, kom daar sekere aspekte van volk wees, wat insette vanuit die volk benodig.

### 2. GEKOSE VOLKSEENHEID NAAM:

Die vraag ontstaan by HARTKLOP: onder watter naam moet die Boer as volk in eenheid versamel word? Verskeie voorstelle vanuit die volk word gemaak wat verskeie kombinasies van die volgende terme bevat:

1. Boer Volk
2. Boerevolk

Taalkundig is Boer Volk nie korrek nie, eerder Boervolk. Boerevolk verwys nie noodwendig net na die etnisiteit van die volk nie en kan ook verwar word met boere in beroep; as landbouers. Die Boer is tradisioneel landbouers, maar nie alle landbouers is Boer nie en ook nie alle Boere is boere nie. Die spelling Boervolk verwys meer direk na die etnisiteit van Boer wees. Da besprekings en insette vanuit die volk, word die volk word gevra om uit die volgende 3 voorstelle ‘n keuse te maak:

1.1. Die Zuid-Afrikaasche Boervolk (ZAB)
1.2. Die Boervolk
1.3. Die Zuid-Afrikaasche Soewereine Boervolk (ZASB)

Van 17 tot 24 Mei 2025 stem die volk hieroor en die volk se keuse is dat die volk versamel moet word onder Die Zuid-Afrikaasche Boervolk (ZAB). **Die Zuid-Afrikaansche Boervolk word deur die Boer & Boerin erken en aanvaar as naam waaronder hul ‘n eenheid vorm.**

| Finale stem | | FINALE KEUSE |
|---|---|---|
| 64% | 1 | Die Zuid-Afrikaansche Boervolk (ZAB) |
| 22% | 2 | |
| 14% | 3 | |

## VOLKSBESLUIT 2: Boervolk Eenheid vlag


**1. AGTERGROND:**

‘n Vlag word gebruik om 'n boodskap oor te dra of vir identifikasie. Die mees algemene gebruik van vlae is om lande te verteenwoordig waaronder sy inwoners versamel. Dit is dus noodsaaklik vir die Boervolk wat nou in 2025 weer verenig, om te besluit onder watter vlag gaan hul ‘n eenheid vorm. Daar word eerstens gekyk na die Boer vlae wat in die geskiedenis gebruik en erken was.

**2. VLAE VAN DIE VROEË BOER REPUBLIEKE:**

Die geskiedenis bronne word nagegaan om vas te stel wat die geskiedenis van die Boervolk se vlae behels:
Bron 1: https://commons.wikimedia.org/wiki/File:Boer_Republics_Flags.png
Bron 2: https://tmg110.tripod.com/boer_nf.htm

Ondersoeke het bevind dat tydens die Boervolk geskiedenis daar wel 2 vlae geruik was tydens die Anglo Boereoorlog wat as eenheid vlae bekend gestaan het nl:




**3. 2025 BOERVOLK EENHEID VLAG:**

Onder watter vlag gaan HARTKLOP die Boervolk verenig? Aangesien dit een van HARTKLOP se doelstellings is om die Boervolk in eenheid te verenig en a.g.v. die geskiedenis van die Boer Republieke se vlae word die Eenheid vlae wat in 1898 – 1902 gebruik was, voorgestel as die vlag waaronder die Boervolk gaan herenig. Hierdie vlae is ook die laaste vlae wat as volk gebruik was.

Nadat hierdie 2 keuses aan die volk voorgelê is vir insette, is daar 'n 3de voorstel vanuit die volk gemaak wat as volg lyk:



Die volgende simboliese en praktiese opmerking word ook gemaak t.o.v. hierdie 3 vlae:

Die vlag met die oranje diagonale streep deur kan simbolies as verdeling gesien word, terwyl die een met die hele oranje band onder, die Vierkleur simbolies ondersteunend vertoon (waar dit in effek ook die geval tussen die 2 republieke was, die Rep. van Oranje Vrijstaat het die ZAR teen Brittanje ondersteun). Die 3de toevoeging met die verkorte oranje band en verlengde groen band vertoon esteties beter en skep ook iets "nuuts" (tog bekend), uniek aan die Boervolk van 2025. As daar na die drapering en vervaardiging van die vlae gekyk word, is beide die 2 met die oranje bande onder meer prakties as die een met die diagonale band.

Van 17 tot 24 Mei 2025 stem die volk hieroor en die 3de voorstel wat vanuit die volk geledere gekom het, word gekies en aanvaar as die vlag waaronder die Boervolk 'n eenheid gaan vorm.



**Hierdie vlag word deur die ZAB erken as eenheid vlag waaronder die Boervolk vergader.** Dit staan bekend as die 2025 Eenheid Vlag of ook as die Vivian vlag, vernoem na die volksgenoot wat hierdie vlagontwerp voorgestel het.

| Finale stem | | FINALE KEUSE |
|---|---|---|
| **33%** | 1 |  |
| **14%** | 2 | |
| **53%** | 3 | |

## VOLKSBESLUIT 3: Republieke se eenheid naam

**1. Agtergrond:**

Die vraag kom op: Gaan die Boer se grondgebied as State of as Republieke geadministreer word; asook, onder watter naam gaan die Boer se grondgebied in eenheid bestuur word?

In die geskiedenis het die Boer grond as Republieke bekend gestaan en is onafhanklik as Republieke geadministreer en internasionaal ook so erken. Daar was 20+ republieke wat aan die Boer behoort het. Na die Anglo-Boereoorlog is die Boer onregmatig van al hierdie republieke onteien en hulle is almal, eers in die Unie van Suid-Afrika en later in die Republiek van Suid-Afrika geïnkorporeer soos dit vandag daarna uitsien.

**2. Die pad vorentoe:**

Die Boer neem weer sy erf regtelike reg en vryheid ten opsigte van sy grond en selfbeskikking in eenheid op sy eie grondgebied op. Indien die Boer sy grondgebied as ‘n Volkstaat benoem en bestuur, val daardie Volkstaat steeds onder die jurisdiksie van RSA Ing. met al hul agente, statute en wetgewing. Dit is dus nie ‘n opsie om die Boer se grondgebied as ‘n staat te bestuur nie.

Die ander opsie, waaraan die Boer tog immers aan bekend is, is die van ‘n Republiek. Die administrasie van die Boer se grond sal dus bestuur word as ‘n onafhanklike republiek met selfbeskikking. Dit is egter nie prakties moontlik dat al die ou Boer Republieke op hierdie stadium as onafhanklike republieke kan funksioneer nie en ter wille van eenheid, moet daar op ‘n versamelnaam besluit word.

Die volgende voorstelle van hoe die grondgebied en administrasie benoem moet word, word ontvang vanuit die volk:

1. Die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR)
2. Die Boer Republieke (BR)

Van 17 tot 24 Mei 2025 stem die volk hieroor en die volk se keuse is dat die versamel naam van die 21 Boer Republieke **Die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR)** moet wees.

| **Finale stem** | | **FINALE KEUSE** |
|---|---|---|
| **81%** | 1 | **Die Zuid-Afrikaansche Boer Republieke (ZABR)** |
| **19%** | 2 | |
| | | |